# JEUGLEIERS WERKSWINKEL

# PROGRAM

<table>
<tr>
<td>1.</td>
<td>Graad 4-7<br>“Aliens”</td>
<td>Hierdie is ‘n moeilike groep om mee te werk, want dis ‘n moeilike groep om te verstaan. Die volgende is belangrik om te weet rondom hierdie groep:<br><br>
1. Selektiewe fokus: hulle fokus net op dit wat HULLE dink belangrik is, die res ‘verloor’ jy en hulle.<br>
2. Dink vir hulleself: begin hulle geloof en dit wat hulle glo te bevraagteken.<br>
3. Dink baie vinnig: hulle hou van rondbeweeg en praat met die maatjie langs hulle, maar hulle luister tog al lyk en voel dit nie vir jou so nie, hulle kan ‘multi-task’.<br>
4. Oorgang van kind na tiener: geweldig baie veranderings wat alles op een tyd en op alle vlakke binne hulle plaasvind. Vriendskappe raak vir hulle BAIE belangrik en hulle kan self aan ‘n verhouding met God begin werk.<br><br>
Raad van die leiers: wat werk in julle groepe vir hierdie kinders?</td>
</tr>
<tr>
<td>2.</td>
<td>Verlies</td>
<td>Verlies is ‘n begrip wat baie dinge vir kinders insluit:<br>
- Dood van ‘n geliefde (ma/pa/ouma/oupa/vriend0<br>
- Egskeiding<br>
- Vriendskap – hulle het dalk getrek of hulle vriend, of die vriendskap is verbreek.<br><br>
Verlies gaan met baie gevoelens gepaard waarvan alleenheid amper die grootste is. Niemand hanteer verlies dieselfde nie en dis iets wat jy net met tyd verwerk.<br><br>
Die rouproses van enige verlies kan opgesom word in vyf stappe en maak nie saak wat of wie ons verloor nie, ons moet deur ‘n rouproses gaan.:<br><br>
▪ Ontkenning: “Dit kan nie met my gebeur nie.”<br>
▪ Woede: “Waarom gebeur dit juis met my? Wie kan ek blameer vir my verlies?<br>
▪ Onderhandeling: “As dit nie gebeur nie, sal ek dit of dat doen.”<br>
▪ Depressie: “Ek is te hartseer om enige iets te doen.”<br>
▪ Aanvaarding: “Daar is vrede in my gemoed oor wat gebeur het.”<br><br>
Alle mense ervaar nie elke stap ewe lank nie, en party ervaar ook nie al die stappe nie want elke mens is ‘n individu en sy situasie is uniek.</td>
</tr>
<tr>
<td>3.</td>
<td>ADHD<br><br>Video clip</td>
<td>Aandagafleibaarheid en Hiperaktiwiteit is ‘n realiteit onder die kinders wat ons bedien. Ouers wat kinders het wat aan bogenoemde lei is gewoonlik baie meer simpatiek rondom ander kinders wat ook daaraan lei. Dis egter belangrik om te weet wat die ‘simptome’ is, ten einde te weet hoekom die kind optree soos hy doen.<br><br>
<u>Pasop vir die volgende:</u><br><br>
#1. Dis nie ‘real’ nie - kinders met ADHD se brein is anders ‘bedraad’ en hulle chemiese balans is ook anders as kinders wat dit nie het nie. As jy sê dis nie ‘real’ nie is dit so goed jy sê vir ‘n blinde hulle is nie blind, en vir ‘n dowe hulle is nie doof nie.<br><br>
#2. ADHA kinders is almal dieselfde – ADHD kan in 3 verskillende kategorieë gedeel word en kan 12 verskillende simptome hê.</td>
</tr>
</table>

| | | |
|---|---|---|
| | | ***#3. Hulle weet wat hulle doen – dis net 'n verskoning:*** om nie bewus te wees van hulle gedrag nie is een van die sleutel simptome van ADHD.<br><br>***#4. Hierdie kinders is 'n probleem*** – is 'n kind in 'n rolstoel 'n 'probleem'? Dis maklik om iemand te verklein tot hulle 'gestremdheid'. Ja, hierdie kind mag jou 'challenge' en bietjie meer van jou vat as die ander kinders, maar hulle het 'n ander tipe hand en 'n ander tipe 'oog' as die ander kinders nodig! ALMAL wil tog graag welkom en geliefd voel, nie NET die kinders sonder ADHD nie!!<br><br>As ONS dalk anders oor ons ADHD kinders begin DINK sal ons dalk anders teenoor hulle begin optree.<br><br>***Raad van die leiers: wat werk in julle groepe vir hierdie kinders?*** |
| 4. | **Depressie**<br><br>**Video clip** | Depressie is 'n woord wat ons gewoonlik net met volwassenes assosieer, maar so hartseer soos dit is, lei al meer kinders en tieners deesdae daaraan.<br><br>Kyk uit vir veranderings in julle kinders se gedrag bv. hulle het altyd deelgeneem, maar ontrek hulle nou. (dit kan 'n klomp ander goed ook wees, maar baie keer 'n rooi lig oor depressie) |
| 5. | **Boelie** | Ons het kinders by EPIC wat boelies IS en kinders wat geboelie word – ons gaan oor 2 weke met die kinders daaroor praat, maar kom ons wees op die uitkyk daarvoor by die jeug – as jy dit sien gebeur tree asb op, of kom roep ons sodat ons dit kan hanteer. |
| 6. | **Algemeen** | Om die kinders te verstaan waarmee ons werk beteken NIE dat hulle kan maak en breek soos hulle wil nie. Dit beteken dat ons anders en beter maniere moet kry om hulle te hanteer en te beheer wanneer hulle hand uitruk.<br><br>Wanneer kinders hand uitruk en niks werk nie, dan MOET daar 'n afsnypunt kom waar ons die kind uit die groep moet verwyder vir die ander kinders se onthalwe.<br><br>**Onthou ons 'motto' – SAGTE, maar FERM hande!**<br><br>JY kan jou kinders opbou op afbreek deur HOE jy hulle hanteer, veral as jy hulle nie verstaan nie!!<br><br>Die aanbieders doen die meeste werk vir die uitwerk van die lesse, maar op Woensdagaand gebeur die belangrikste werk BINNE die groepe!! |
| 7. | **Probleme** | Wanneer daar 'n probleem in jou groep is wat jy NIE kan hanteer nie, vertel jou aanbieder daarvan. Sy sal dit of saam met jou verder hanteer, of na Les en Andre gaan om te help.<br><br>Moet asb NIE met die ander kinders, leiers of jou eie kinders daaroor praat nie, dit plaas soms die kind waaroor dit gaan in so slegte posisie dat hulle nooit weer terugkom jeug toe of kerk toe nie. Onthou ander mense se probleme is soms die lekkerste goed om oor te skinder en DIT wil ons ten alle koste vermy!! |